
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

January 2021



English Giant Pouter

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Editors page / Redakteur se blad

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 3 |
| Die Jaar is byna verby - Simon Jordaan | 4 |
| Elke ras het sy stil legende... - Phillip Lee | 5 |
| Uit die Sierduif van Augustus 2006 - Christo Munnik | 6 |
| Piet Pretorius van Coligny Skryf.... | 7 |
| Kazaner Tumblers in SA - Jan Lombard | 8 |
| The Self (Spread) Longfaced Tumblers - Christo Britz | 11 |
| The Patterned Longfaced Tumblers - Christo Britz | 12 |
| Vertellings van Jan Helberg - Christo Munnik | 14 |
| Scoreboard and Rules | 16 |


## Birthdays

**K052 - Martin Grobbelaar - 03-Feb**
**J028 - Deon Bence - 04-Feb**
**D049 - Huntyr van Deventer - 04-Feb**
**G043 - Johandri Swanepoel - 05-Feb**
**G021 - Rodney Stevens - 08-Feb**
**V008 - Sjaan Hamman - 09-Feb**
**S002 - Pikket Coetzee - 13-Feb**
**N025 - Bruce Sandison - 16-Feb**
**K019 - Jan Myburgh - 18-Feb**
**W063 - Jan Swanepoel - 19-Feb**
**N015 - Jocelyn Dent - 20-Feb**
**B087 - Stephine Ferreira - 22-Feb**
**N043 - John Mowat - 22-Feb**
**K003 - Robin Prince - 24-Feb**
**G003 - Esjay Visser - 26-Feb**
**B008 - Hennie Bosman - 27-Feb**
**W005 - Fourie Cronje - 27-Feb**
**C003 - Danika du Preez - 28-Feb**

## Nuwe lede / New members

### Noord-van-die-Vaal

**Michiel Jansen B028**
Posbus 13, Wierdapark, Centurion, 0149
Sel: 083 305 1044

**Patrick Sloan B029**
Posbus 116, Vlakdrif, Magaliesburg
Sel: 082 875 9640

**Carel Laufs B037**
63 du Toit Street, Randpoort, Randfontein, 1759
Sel: 079 519 9119

**Daniel Beyleveldt B051**
Ligtenstraat 7, Witpoortjie, Rondepoort, 1724
Sel: 082 630 8460

### Oostelike Streek

**Nico Taute C051**
PO Box 5510, Middelburg, 1050
Sel: 082 377 5637

### Wes Transvaal

**René van Stryp D052**
121 Midway Crescent, Vierfontein, 2615
Cell: 072 211 2221

**Keanu van der Linde D053**
14A Buffeldaan Street, Klerksdorp, 2571
Sel: 082 272 7522

### Noord Kaap

**Johan Britz G046**
Posbus 261, Modderrivier, 8700
Sel: 082 451 5561

**Oostelike Provinsie**

**Braam Rademeyer K022**
Posbus 136, Alexandria, 6085
Sel: 082 895 5160

**Mark Radley K062**
61 Woolhope street, Westering, Port Elizabeth
6025
Cell: 064 351 1841

Brendon Hattingh k063
49 Careelise street, Rowallan Park, Port Elizabeth
6025
Cell: 083 602 5488


## Deaths

None

## Sick

None

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## Nasionale Redakteur

## National Editor

## Cora Munnik

Die Januarie 2021 Sierduif is baie laat en so sal die Februarie se boekie seker ook bietjie laat wees. My rekenaar het ingegaan om nagegaan te word omdat hy snaaks begin optree het. Alles het goed gegaan en ek het die rekenaar terug gekry met alles mooi in plek. Dis net waar die probleem begin het. Toe ek die krag aanskakel toe besluit die “power supply” tot hier toe en nie verder nie en met een groot klapgeluid is die rekenaar heeltemaal dood. Niks makeer by die persoon wat hom reggemaak het nie. Terug soontoe en eers so paar dae gelede weer ontvang nadat gewag was vir parte.

Dit is egter nie waaroor ek wil praat nie. Julle sal sien dat daar slegs twee kort bydraes in die boekie geplaas is een van die ou staatmaker Simon Jordaan en die ander een van Phillip Lee. Dankie julle twee vir die bydraes. Die res van die artikels is maar weer deur Christo vir my aangegee uit ou Sierduiwe uit en die maand was dit uit Augustus 2006 geneem. Dankie aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte vir die artikels. Ou lede het hulle seker gelees maar daar is hopelik nuwe lede wat die Sierduif lees en dalk sal baat vind uit die artikels al is dit net om iets te lees in die Sierduif.

Ek het weer vir een lid gevra om sy lewens geskiedenis vir my op skrif te sit en hy is nou daarmee besig. Dan het ek ook vir Spesialiteitsklubs gevra om asseblief artikels en fotos bymekaar te maak sodat ek ‘n spesiale uitgawe van die betrokke ras/se in een hele boekie kan saamvat. Ek weet dat die Birmingham Roller manne en vroue besig is met hulle s’n. So ek daag die ander spesialiteitsklubs uit om asseblief ook so te maak.

Ek weet regtig nie wat is aan die gang met die lede nie dit lyk so vandat ek oorgeneem het as Nasionale Redakteur die lede lus het om die Sierduif te boikot en ek hoop regtig nie dit is so nie. Asseblief kom ons maak die Sierduif weer ons trots soos voorheen. Kobus Snyman en Christo Munnik kon dit doen so ek wil ook dit doen asseblief. Help my.

***Isn’t it strange?***
***Why shout??***

***A theology professor was teaching about proverbs 15:1. He asked his students, “Why do we shout in anger? Why do people shout at each other when they are upset? The students thought for a while. One of them said, because we lose our calm, we shout for that. “But why shout when the other person is just next to you?” asked the professor.***
***“Isn’t it possible to speak to him or her with a soft voice? Why do you shout at a person when you are angry?” The students gave so me other answers but none satisfied the professor. Finally he explained, “When two people are angry at each other, their hearts psychologically distance themselves. To cover the distance, they must shout to be able to hear each other.***

***The angrier they are, the stronger they will shout to hear each other through that great distance. Then the professor asked, “What happens when two people fall in love? They don’t shout at each other but talk softly, why? Because their hearts are psychologically very close. The distance between them is very small. The professor continued,***
***“When they love each other even more, what happens? They do not speak, only whisper and they even get even closer to each other in their love. Finally they even need not whisper, they only look at each other and that’s all....***
***So next time you shout to a loved one, know that you are creating distance between your heart and that person’s heart. Proverbs 15:1, a gentle answer turns away wrath, but a harsh word stirs up anger.***


***Recall. This is very true. Let’s start today and practice not to shout. I will sure remember. Besides, shouting drains me so much. Remind me when I start shouting at you.***

***Have a good day!!***

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



*n JAAR IS BYNA VERBY....... 'n Grondpad jaar...*

*Simon Jordaan*

Daar was dae wat ek die mooiste "view" gehad het en dan was daar dae wat ek kaalvoet oor die klippies moes hardloop om net op 'n beter plek te kom as gister... soms op my knieë geval omdat ek net nie kans gesien het om verder te loop nie.

Dan was daar dae waar ek rustig kon loop sonder omkyk of omdraai.. Ek het wel die mooiste blommetjies in die veld gepluk, van hulle het ek oppad verloor maar dis okay... daar was dorings wat my vele kere gesteek het sodat ek vir dae net nie meer kon loop nie… maar dis ook okay...

**Dit was 'n lang pad......**

**soms sonder water.....**

**soms sonder suurstof.....**

**soms met geskeurde skoene maar dit was 'n goeie pad…**

**Iets geleer? Absoluut!**

*** Dat niemand die pad vir jou kan stap nie maar wel net saam jou...**

*** Dat niemand jou gelukkig kan maak as jy nie self gelukkig is nie...**

*** Dat niemand jou tas vir jou gaan sorteer nie...**

*** Dat min mense jou enduit gaan help...**

*** Dat beloftes soms leë woorde is...**

*** Dat opgee nooit n opsie is nie...**
*** Dat mens soms net moet sit en rustig word en dankie sê...**

*** Dat daar altyd iemand sal wees wat in die middel van jou reis sal staan omdat hulle dit nie vir jou gun nie....**

*** Dat mens net die beste weergawe van jouself kan wees en om nooit jou moed te verloor in iets wat mens regtig wil bereik nie...**

**Ja, daar was goed én sleg maar ek sien uit na die nuwe pad wat voorlê...**

Dankie aan elkeen wat dit saam met my enduit gemaak het - ek het by elkeen iets geleer. Wat nou voorlê weet ons nie, maar wat ek wel weet is dat:

*** Ek 'n beter rolstoel moet kry....**

*** 'n Groter rugsak....**

*** Meer water en....**

*** Soveel meer suurstof om my nuwe roete aan te pak...**

**Reis veilig.....**

**wees lief vir mekaar....**

**help mekaar....**

**droom saam...**

**lag saam...**

**maak tyd vir mekaar.**

Dankie vir jou stukkie hart wat ek saam op my reis deur 2020 kon dra...

Mag die Here ons lei op die onbekende pad van 2021 en mag ons nooit vergeet van Sy Groot Genade nie....

Mag die laaste paar dae van 2020 net vol sonskyn en liefde wees en mag ons God en Vader altyd oor jou waak. Mag 2021 gevul wees met die keur van Sy seeninge in jou lewe.

Simon Wielejies

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

---

***Dit duur nogal lank voordat mens ontdek, dat jy maar net soos elke ander mens is.***



## Elke ras het sy stil legende….

**Ingestuur deur Phillip Lee**

In onlangse tye is daar baie opmerkings gemaak oor die Mookees en die oplewing in die ras. Ons trek redelike getalle na die meeste skoue, sit met jong en dinamiese telers en kuier graag saam. My laat dink aan die groot rasse uit die verlede en aan die legendes wat die rasse help bou het, en daar is baie van hulle. Vat byvoorbeeld die legende van 'n wyle oom Wynand Wessels en sy rol in die sponsduifrasse, oom Manie Fourie en die enorme gees wat hy in Norwich Kropper kringe was, oom Ken Garrot en Modena was sinoniem…..

Net so het rasse soos die Waaiersterte en Raadshere ook hulle eie legendes opgelewer, teveel om hier op te noem, dan het ons nog nie eers gekom by die ware karaktes nie, wyle ooms Ben en Basie de Lange, wyle Sarel Viljoen en Wyle Chris "Oorlog." Lang lyste as ons hulle almal moet opnoem, veral ook die manne wat agter die skerms hard gewerk het vir 'n ras, kleurvolle manne wat 'n merk gelos het.

Terug by die Mookee – ons is so bevoorreg dat ons stil legende nog saam met ons is, saam skou, saam kuier en saam deelneem op ons groepe. Dit is 'n man met 'n oop hart, wat sekerlik die meeste ooit gedoen het om nuwe lede te help, veral die jeug. Sy hart, sy huis en sy hokke is altyd oop. Hy is eerste om oor te stap en die wenner se blad teskud, 'n man wat vir ons ras goud werd is. Hy is virbaie van die Mookee se suksesse verantwoordelik, 'n pa vir baie Mookee seuns, en 'n puik mentor vir soveel ander. Waars die dae wat ons saam gedroom het vir Mookee top 7 plasings…..dankie dat oom nooit opgegee het op die mooi ras nie, want kom ons wees eerlik, die Mookee het al knap en ervare telers laat knak.

Oom Attie, dankie dat oom onthou sal word as ons stil Mookee legende, die man wat agter die skerms talle jong manne en dames gehelp het, altyd waardig en nederig gehandel het, altyd uit liefde vir die ras opgetree het, en altyd verseker het dat almal goeie duiwe kry, en dat ons almal die ras saamverstaan en gemeenskaplik na daardie "perfekte" duif teel
Ons as Mookee familie salueer oom


---

***Die lewe is 'n lotery. Ons kan egter self baie aan ons lot doen...***




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**


Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



## Geneem uit Die Sierduif van Augustus 2006 se Redaksionele kommentaar

**Christo Munnik**

Die anderdag lui my selfoon en een van my geliefde duiwe vriendinne se naam verskyn op die venstertjie. Die oproep word beantwoord en met die gewone hoe gaan dit met julle, is dit koud, warm of reën dit, maak nou nie saak nie, maar in haar stem kon ek agterkom dat iets nie pluis is nie en vra ek haar dan ook opslag wat fout is. Sy vertel my dat my ou maat gedignoseer is met die gevreesde siekte, Kanker, en dat sy wil hê ek moet die naweek vir hom kom kuier want hy wil met ***my*** praat. Ek was so geskok dat ek haar gevra het of ek kan terug skakel as ek met my bruid daaroor gepraat het, waarom weet ek nie want ek het haar 'n halwe minuut later geskakel sonder dat ek iets bespreek het met my bruid en gesê ek is daar die naweek.

My ou maat en ek het lekker gekuier van Saterdagmiddag tot Sondagmiddag en oor alles in die lewe saam gesels en gehuil. Skielik het dit vir my soveel beteken om te kan lewe, om gesondheid te geniet, om te kan kyk hoe jou kinders en kleinkinders groot word en baie belangrik om saam met die die mens aan jou sy te kan oud word, iets wat ek nog altyd graag wou doen. Om in 'n land te woon waar jy nog jou eie Godsdiens kan beoefen sonder om te vrees, en om vir jou ou maat soveel te beteken dat hy ***jou*** kies om met hom oor so 'n ernstige saak te kom praat.

Baie dankie dat ek daardie persoon vir jou kon wees Chris, en sal ek graag vir ewig jou vriend wil wees. My dogter stuur my die anderdag 'n SMS wat vra of weet jy wat is lewe  en dit gaan so:

### *Weet jy wat is lewe?*

***Om kaalvoet oor nat gras te loop;***

***Om lug so vars in te asem dat dit brand;***

***Om so lief te hê dat dit seer maak;***

***Om dankie nie te hoor nie, maar dit in iemand se oë te sien;***

***Om te kan vergewe, omdat GOD dit van my verwag;***


***Om te slaap in die holte van Sy hand;***

***En om JOU te ken, wie jy ookal is.***

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




South African Blower Club
Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub
Established *** 1988 *** Gestig



We promote the following Blower Breeds
Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse

Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919
Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229

Julie 2020



**_Piet Pretorius van Coligny skryf oor Voetverswering by duiwe_**

***Geneem uit Die Sierduif van Augustus 2006***

Drie jaar gelede toe my seun by die SASV aangesluit het, het ek gesê ek gaan nog vir my Kings kry. My groot wens is bewaarheid toe ek by Rouxtjie Roux sewe wit Kings gekoop het. Ek en my vrou het toe ook aangesluit en 'n vennootskap met die seun gevorm.

Eers het ek maar gesukkel. Die duiwe broei en geen eiers is bevrug nie. Na 'n besoek aan ons veearts is hierdie probleem opgelos.

Nog was dit nie die einde van my probleme nie. Die duiwe begin mank loop en af en toe is altwee pote geswel. By nadere ondersoek is 'n ronde, bruin, harde liddoring aanwesig aan die onderkant op die swelsel. Soms kom etter by die rande van die liddoring uit.

Ek het naslaan werk gaan doen in die "Handboek oor veesiektes" van HO Mönnig en FJ Veldman waar ek die oorsake en behandeling raakgelees het. Ek haal aan: "Dinge soos te hoë of skurwe slaapstokke, klipperige grond, te harde vloere en so voorts veroorsaak waarskynlik kneusing van die kussings onder die poot. Behandeling: Sodra die swelsel ryp is, word dit ontsmet met Jodiumtinktuur, Spiritus, 'n Dettol-oplossing of iets dergliks, die liddoring word uitgetrek en al die kaasagtige etter uitgekrap. Dan word Wondsalf of Jodiumtinktuur in die gat gesmeer.

Die siekte kan in 'n groot mate verhoed word deur die vloere van die hok met kaf of strooi te bedek". Graag verneem ek van ander King telers of hulle ook sulke probleme ondervind en wat doen hulle hieraan.

Groete van hok tot hok.





Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com




Januarie 2021

Birmingham Roller Vertoners Klub



President
Christo Munnik
e-mail:
cora.christo@gmail.com
Sel:
076 391 5800

Sekretaris
Attie van Aswegen
e-mail:
attievanaswegen@gmail.com
Sel:
082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Kazaner Tumblers in South Africa*

***by Jan Lombard Gauteng Region***
***Taken from The Fancy Pigeon August 2006***

I am the proud owner of a pair of white Kazaner Tumblers, thanks to Eddie Quick who imported this lovely little breed from Europe. The Kazaner tumbler is a very old breed that originated behind the Iron curtain. My cock carries a German ring, while the hen hails from Hungary. I plan to do line breeding with them and to develop separate lines around both the cock and the hen, to guard against inbreeding. I have asked Mick Bassett to translate the German standard into English, because the American NPA standard is not acceptable to me. The American standard deviates a lot from the German one, most probably to cover up possible faults in the orgininal imports into the USA., or to cater for some fashion trend in the USA. I will attach the translated German standard to this e-mail. I am still discussing some points in this translation (e.g. magpie marking descriptions; eye colour etc.) with Mick and will send the final version to Louwrens for inclusion into the South African standards - via the Tumbler Club. In the mean time I will appreciate it if all senior judges will study this standard. I want their honest and informed opinions when they pass judgement on my little jewels during main judging on the shows to come!

Kazaner Tumbler - translated from “Alles über Rassetauben” Band 6
by Mick Bassett (All notes in italics added by Jan Lombard)

The most well known of all the Tumbler breeds from the Region of Kazan (Kasan) is the Kazaner Tumbler, which originated during the second half of the 1800’s in the Volga Region. The Kazaner belongs to the Posture Tumbler Group. Through crossing with the Berliner Short Face Tumblers (Berlin Kurze) and Ancient Tumblers (Altstämmer) it has developed into the present day type. ***(Levi mentioned the Kazaner as one of the ancestors of the Berlin Kurze).*** According to old writings this modern type has little to do with the earlier Kazaner Type. Up to the present day in Russian Standard it belongs to the Structure Pigeon Group. ***(It is therefore not regarded; in it’s original form, as a tumbler in its country of origin. Fantails and Jacobins, amongst others also belong to the Structure Pigeon Group)***

H.J.Karsten, the well known Tumbler and ‘Highflier’ expert did a great service with furthering the knowledge of the Kanzaner in Germany.

The Kazaner today is a small well-proportioned very lively pigeon. The head is smooth ***(e.g. plain headed - without a crest)*** and well rounded with a


**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020

high and broad forehead. The eye should be pearl colour, with the exception of whites, which should have dark eyes. ***(If the Magpie versions have white heads, they will most probably have dark eyes as well. At the time of writing I do not know enough about the magpie version to know this for certain. As some white headed breeds have pearl eyes, the Magpie Kazaners might as well have pearl eyes.)*** The pale eye-cere is fine and smooth. The strong beak should be almost medium length, with thin pointed beaks being discarded. ***(According to the standard line drawing and a Dutch article on Posture Tumblers, the Kazaner's beak setting can be described as downfaced).*** The beak colour should be pale, although the blacks may have slightly 'stained' beaks. The neck is broad across the shoulders and narrows gracefully with a backward curve to the head and should have a slight tremor ***(shaking or "zitter" action) when the bird is active. (Based on this the line drawing in the American NPA book of standard is incorrect. They also got it wrong when they say that the neck should not be carried backward. Judging from two photographs from German magazines of high scoring birds, as well as from the line drawing in the German standard, a Kazaner in show station should carry it's head only slightly in front of it's feet)***

The broad well-rounded breast is carried forward and slightly upwards (proud). ***(The American standard also got it wrong here!)*** The back is short and broad and slightly 'hollow'. The tail should be broad, short and flat, without any curvature when the bird is active. The tail should have more than 12 feathers. It should be carried high (elevated but not above the level of the head). The upper and lower tail-coverts should be convex ***(like a cushion - as illustrated in the line drawing). (Neither the German Standard, nor "Alles uber Rasse Tauben" mentioned the fact that the Kazaner is without a oil gland. This fact is mentioned in an article from the Dutch magazine Avicultura. Together with wide tail feathers, the absence of the oil gland provides an acceptable explanation why this breed displays a fairly wide tail with only "more than 12 tail feathers". My two Kazaners have 13 and 14 tail feathers respectively).*** The wings desired short and carried under the tail and may just touch the ground. ***(The German Standard does not want it to touch the ground, but with the very short legs I do not see how this is possible. I believe "Alles uber Rasse Tauben" is right.)*** The legs are very short with short leg/foot feathering which should not be so profuse as to form Muffs. ***(It can be described as "groused". The Dutch article also mention the absence of hocks "gierhakken", which both German sources do not mention at all. Based on my own observations, the absence of hocks, the length of foot feathers and the width of the tail are the main differences between Kazaners and Berlin Kurze )***

The most widely bred colour is White, but the Kazaner also comes in, Black, Dominant and Recessive Red and Yellow, also 'Bunt', other markings are White flight and Magpie in Black, Dominant and Recessive Red and Yellow. ***(The German Standard mentioned Blue as a Self colour. It is not known at this point in time if they refer to blue with black bars. The American NPA standard mentions a number a bar pattern colours, but this is frowned upon by our German friends)*** All colours should be intensive and even. The 'Bunte' marking has 5-10 white flights, with the back, tail, belly and foot feathers white, the rest of the bird is coloured. Black "Buntes" may have either a white or coloured tails. Logically the white flight marking also has white foot feathers. The colour and markings are not of prime importance with this breed as mentioned in the approved standard.

The affectionate, lively and graceful Kazaner tumbler which is impressive due confidence and to it's willingness to breed is gaining a wider circle of lovers of this breed. To my knowledge this breed no longer exists in what was the Soviet Union. In Germany the Association of Russian Tumbler Breeders caters for this breed.

**Kazaner Tumber Standard**

**Origin:**

USSR (Russia). This breed is several hundred years old. It was created from Russian Tumblers, Fantails and Owls in the Regions of Kazan and Volga.

**Overall impression:**

The Kazaner Tumbler is barely medium in size in body and beak. It has rounded head and carries it's wings under a broad tail. The Kazaner has short grouse feathering on the legs and feet. It is friendly, lively and graceful in character.

**Head:**

Plain-Head, rounded, the forehead should be broad and high.

**Eyes:**



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Pearl coloured eyes in white flighted and self colour varieties, except for white where dark (bull) eyes are required. Marked varieties ("bunte" and magpie) should have bull eyes. The eye-ceres should be narrow, smooth and pale in colour.

**Beak:**
Should be barely medium length; short and thick and forming a stumpy angle to the forehead (slightly down faced). The beak is pale in colour, with the exception of Blacks where some pigment is allowed.

**Neck:**
The Neck should be broad across the shoulders, tapering to the Head. It should curve gracefully backward and with slight Tremor (shaking) action when active.

**Breast:**
Broad and well rounded, carried forward and held high.

**Back:**
Broad, short and concave (hollow).

**Wings:**
Short, carried under the tail, not touching the ground.

**Tail:**
Short and broad, not curved but flat. When active carried elevated, but not too high. More than 12 Tail feathers. The upper tail coverts as well as the lower ones should be curved, forming cushions over the tail joint. The oil gland should be absent.

**Legs:**
Very short, with short "grouse: feathering, but not muffed.

**Feathers:**
Broad, soft and not too long.

**Colours:**

Self colours in, White, Blue with black bars, Black, Dominant (ash) Red; Recessive Red and Recessive Yellow.

The "Bunte" variety, a type of magpie marking, as well as White Flight and Magpie varieties are available in Black, Ash Red; Recessive Red and it's dilute Recessive Yellow only.

**Colours and Markings:**
All colours should be even, rich and intensive. Ash red and it's dilute ash yellow have paler flight and tail feathers. It should however not be white.


'Bunte' can be with, or without a white beard, but should have 5 – 10 white flights, a white back and a white tail (with the exception of Black "bunte" which can have either a black or a white tail). The belly and foot feathers of all "bunte" should be white. White Flights have white flights and white foot feathers.

The colour and markings should not be considered of prime importance.

**Faults:**
1. Large body.
2. Very long feathering.
3. Failing foot feathers.
4. Too high on the leg (stance).
5. Wings always carried above the tail.
6. Very 'curved' tail (not flat).
7. Very noticeable flattened top to the Head.
8. Too long or a narrow, pointed Beak.

**Order of importance:**
1. Overall beed type and balance.
2. Body shape and posture (stance).
3. Neck-head-beak shape.
4. Foot feathers.
5. Eye colour.
6. Markings and colour.

**Ring size:** 8 (8mm)

**Gerhard van Aswegen**
**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747 - E-mail: gjtlofts7@gmail.com**



Januarie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



# *The Self (spread) Longface Tumbler.*

***by Christo Britz***
***Taken from The Fancy Pigeon August 2006***

The self group was traditionally made up of Black & dun, white and recessive red and yellow. White should however not be included in this group, as it is not a true spread. More about this later.

These were traditionally the strongest of the longface classes. As time passed by, more factors were added and today we have andalusian, reduced, milky (lavender) and many more. The brown color was also brought over and brown and its dilute khaki are seen on some shows in the USA. In South Africa we mostly have blacks & white with a few dun, red, yellow, strawberry and andalusian longfaces being showed



The self birds are bringing about there own challenge, but do have the added advantage that self is an epistatic factor, being able to mask other co-






**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




Februarie 2020

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

lours. I've bred some of my best blacks from blue, silver and mealy crosses. Dun is the dilute of black, and is seldom seen in South Africa.



For an unknown reason spread on the ash-red colour causes a whole range of colours ranging from a "lavender" type of silver to almost a black/red/bronze. As an example two pictures of 2006 strawberry youngsters are shown. All of these varieties bred back to brown or blue gave the traditional brown self and black results respectively.

White is not a true self however, as it is actually a patterned bird consisting of two genes ash red, two genes dilute and two genes for grizzle. Once a breeder understands the concept, he can create white using genes from a variety of sources. This shows clearly in the picture as the flecking in the neck is not trimmed out.



Red and yellow self's are not a colour, but another form of epistasis. In the Homozygous form it manifests as red, or with added dilute, yellow self. In the heterozygous form the true colour of the bird shows. It is therefore a 25% possibility to bred an red or yellow self from any two birds of any colour that carries a recessive red gene.

I hope this helps to create a greater understanding of what spread/self is about and that it is not just a boring monotonous colour. To play around with self's can be a very rewarding experience.

## *The Patterned Longface Tumbler.*

***by Christo Britz***
***Taken from The Fancy Pigeon August 2006***

In South Africa we refer to the barred longfaces as patterned. They are but a portion of the available patterns in longfaces worldwide. In order of dominance the T pattern (also called velvet), checker, bar and barless make up this group. Of these we have the barred (as the 2006 blue grizzle barred in the photo) and T patterns (like the red and blue T Patterns in the photo's) in the country. We used to have checkers, but I cannot recall a South African ever exhibiting a barless.

Possibly the least understood is the T Pattern or so called velvet. Many refer to these as dark checkers and group them under check. In my opinion dark checkers can be anything ranging from poor pattern, sooty or dirty factors up to true T patterns.

Of the abovementioned all are unwanted factors on the checks, except T pattern which is a different pattern than check. To elucidate the claim on separate pattern rather than a form of checker, breeding results clearly show its dominance over check. Furthermore can no T pattern carry check if the pigeon already carries a gene for bar. If it was a check, true checks with an open pattern should have been bred from a T pattern and a bar.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538





am planning crosses to re-introduce checkers to the RSA and will possibly have show able birds in a few years time. The barless, being a recessive pattern, is much more difficult and I hope somebody will rise up to the challenge and bread these




beauties for us. I am however uncertain if blindness might be a problem in the longfaces as it is in so many other breeds.

Many other factors are very attractive when combined with patterned birds, as is the milky on blue, producing the so-called powdered blue, Ice on blue giving the color of a damascene and indigo, producing the indigo bars. These are all worthwhile projects that can bring a whole new dimension to longface tumbler breeding.

**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**~~Top kwaliteit~~ EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2019

***Hoogmoed is die ongeneeslikste kwaal aan die mensdom bekend .***

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Vertellings van my vriend Jan Helberg*

***Ingestuur deur Christo Munnik***

Die slootgrawery vorder nou maar stadig. My oorlede Pa het ‘n handlanger, ook met die naam Jan gehad. Hy en my Pa het ‘n lang pad saam geloop. Oom Jan was ‘n man met ‘n plan en was baie behendig met sy hande. Loodgieterswerk was sy spesialiteit in die jare voor alles plastiek spoeg en plak goeters geword het.

Met gegalvaniseerde plaat het hy behendig baie goed wat nodig was vir ‘n projek self gemaak. Ek is bevoorreg om vandag nog ‘n kassie wat hy uit sinkplaat gemaak het te hê.

Wanneer ons ‘n sloot vir pype grawe en jy kom op so ‘n stuk klipperige grond af wat jou spoed breek het hy altyd gesê: “Kleinbasie, vandag eet ons hoender.” Ek eet vandag behoorlik hoender met die worstel tussen die klippe en die netwerk wortels van die gewese kiepersol deur.

Nou kyk, Hennie Wilken het altyd gese jy plant nie ‘n kiepersol naby die huis nie want hy trek weerlig. Toe ek die kiepersol geplant het, het ek sy raad gevolg en die boom nie langs die huis geplant nie. Vriend Hennie het egter nooit ‘n woord van ‘n kiepersol se wortels gerep nie. As jy nie ‘n kiepersol minstens 100 meter van enige struktuur af kan plant nie, moet hom liewers nie plant nie.

Na baie wroeging het ek so jaar terug maar eerder die kiepersol afgesaag voordat ons huis swig onder sy enorme wortelstelsel wat alreeds ‘n keermuur en hekpilaar begin omstoot het.

Onwillekeurig dink ek aan oorlede skoonpa wat iewers bokmis in die hande gekry het en dit ywerig in die voortuin ingewerk het. Uit die bokmis groei daar toe ‘n boom wat skoonpa se trots raak. Hy het hom terstond Akasia Bokkakia gedoop. Later moes die boom uit want sy wortels het net so ywerig soos die kiepersol sin uitgesprei en paadjies begin oplig en mure omstoot.

Iets wat ek nou al goed geleer het is dat ons tuiningenieur en ‘n snoeisker, saag of byl sonder toesig nie ‘n goeie kombinasie is nie. Met die wortels wat my pad versper onthou ek juis dat hy laas die byl gehad het. Ek gaan soek die byl om die wortels te betugtig en vind dit, half vernietig maar vindingryk met ‘n stuk draad aanmekaargeflans. Na die hardewarewinkel vir ‘n nuwe steel of byl is buite die kwessie so ek moes maar met hardehoed, handskoene en geloof die wortels met die onkapwaardige byl aandurf.

Ten einde laaste is die sloot klaar gegrawe, pype gelê en sloot weer toegegooi. Nou vir die volgende projek. Die twee ekstra weke gaan nie naastenby genoeg wees vir al die werk wat nog wag nie.

Vandag vat ons dit rustig. Liefie is besig om ontbyt op te tower en woef hardloop in die gang op en af soos ‘n jong rooibokkie na die reën. Dink seker die gourmet gereg is vir haar. Liefie tower sulke skonnerige goeters op gedrapeer met granaatpitte wat ons by die bure gegaps het. As hulle boom die grense oorskry moet hulle mos huur betaal.

Dit is duidelik dat Liefie te veel Masterchef kyk. Terwyl ek na die bord staar hak sy af “Ek het nie tamaties gehad nie toe gebruik ek die granaatpitte.” Ek sien daar gaan nog baie kreatiwiteit aan die dag gelê word met dit wat in die koskas oor is. Kyk, vir aanbieding kry sy 10 uit 10 maar die smaak, ummm.... kom ons se maar eksoties.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/  Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Laat my dink aan Elia en die weduwee. Sy moes raap en skraap vir haar en haar seun om te oorleef. In eenvoud het sy met die laaste bietjie meel en olie kos gemaak en dit, ten spyte daarvan dat dit hulle laaste kos was, met 'n vreemdeling gedeel. Die uiteinde was dat sy en haar seun genoeg gehad het om hulle deur die groot hongersnood te dra.

Vandag gaan ons ook deur baie moeilike tye en Jesus het ons sowat twee duisend jaar terug gewaarsku dat hierdie dinge kom. Deur dit alles is ons egter verseker dat hy ons nooit sal verlaat nie. Plaas jou vertroue op hom en weet verseker, wanneer die nood op die hoogste is, is die uitkoms die naaste.

Mag jy ook geseënd wees in hierdie tyd en selfs deur die swaarkry nader aan ons Skepper en Verlosser kom en mag jou kruik ook nooit opdroog nie.

So pak ek die laaste skof met my ontsnap roete aan. Ek mik na so links van die soetdoringboompie op die sypaadjie. Voor my is liefie se klippe en onder die grond moeder aarde se klippe en die massiewe wortels van die gewese kiepersolboom. Later miskien meer oor die kiepersolboom.

Liefie kan mos nie 'n klip weerstaan nie. Wanneer ons ry kry ek gereeld die opdrag: Stop! Stop! Onmiddelik doen ek 'n noodstop wat ek nog as aspirant motorbestuurder moes leer. Wat is fout liefie? "Laai vir my daai klip op." "Daai klip" is eintlik 'n rots en ek moet myself goed moed inpraat voordat ek stoei om hom op te laai. So het baie rotse in die tuin opgeeindig asof ek nie met genoeg van hulle onder die bietjie bogrond wat ons het stoei nie.

Deesdae is my standaard antwoord: Liefie as jy hom kan optel sal ek hom vir jou huistoe vat. Dit het darem meerendeels die gewensde uitwerking.
Terug by die doringboompie. Ek is oortuig daarvan dat Totius se doringboompie langs die pad 'n soetdoringboompie (Vachellia Karroo) was.

As plaaskind hunker ek altyd terug na die plaas en die soetdoringboompie is my baken wat my herinner aan die lekker tye en die soetdoringbome op die plaas. Die soetdoringbome se gom was 'n plaaskind se chappies.

Op die sypaadjie het ook 'n witkaree gestaan. Een aand het die wind hom karnuffel en het 'n tak gebreek en op die voorste heining tot ruste gekom.

Ek gee toe ons tuiningenieur opdrag om die tak op te saag want dan het ek sommer ook so bietjie pasella vuurmaakhout. Hy staar na die tak en se net "Municipality" Munisipaliteit se voet man, saag daardie tak op. Hulle sal eers na krismis van die volgende dekade hier uitkom as ons moet wag vir hulle om dit te doen.

Die aand toe ek by die huis kom pronk die afgebreekte tak nog steeds op die heining. Gelukkig vir hom is ons tuiningenieur teen daai tyd al lankal huis toe.

Die volgende week vra ek vir Liefie om bietjie sy sake te werk. "Vincent, jy moet daai boom wat meneer laas week vir jou gesê het om op te saag vandag opsaag anders is daar groot moeilikheid." "O, die boom ek moet hom afsaag" se vra hy.

Daardie aand ry ek amper by my huis verby want my soetdoringboompie is skoon veld, stomp op die grond afgesaag. As dit nie was vir die kareeboom se tak wat steeds op die heining gedrapeer was nie sou ek seker nooit my huis gekry het nie.

Soos Totius se doringboompie het die soetdoringboompie hom nie laat onderkry nie. Hy het weer uitgeloop en vandag staan daar 'n mooi fris soetdoringboompie op ons sypaadjie.

Ons huisarres is verleng en baie van ons kry swaar maar soos die doringboompie sal ons weer opstaan om ons plekkie vol te staan.



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | KwaZulu-Natal: | 3159 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 833 |
| 2. | Eastern Region: | 800 |
| 3. | Northern Cape: | 695 |
| 4. | Eastern Province: | 500 |
| 5. | Freestate | 350 |
| 6. | North-of-the-Vaal: | 450 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | Northern Freestate: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

**1. Nil**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873